

# Die skending van die menswaardigheid van ouer bruin staatspensioenarisse<sup>1</sup>

**J.J. Carnow en Christo Thesnaar**

---

J.J. Carnow<sup>2</sup>, nadoktorale genoot, Departement van Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit Stellenbosch  
Christo Thesnaar, Departement van Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit Stellenbosch

---

## *Opsomming*

In hierdie bydrae word die sosio-ekonomiese situasie van bruin ouer persone teologies-pastoraal vertolk om te probeer vasstel of hierdie situasie hul menswaardigheid skend. Vir hierdie doel is 'n teologiese teorie van menswaardigheid benut. Die konsep van menseregte wat in diens staan van die beskerming van menswaardigheid word aangewend om die skending van menswaardigheid te bepaal. Die navorsing vir hierdie bydrae is deur middel van die fokusgroepmetodologie gedoen. In 'n bespreking van kern sosio-ekonomiese temas is bevind dat die menswaardigheid van hierdie groep ouer persone oor hulle hele lewensduur geskend is en steeds word. 'n Teologies-pastorale sorgstrategie word voorgestel om hierdie ouer persone in die bevestiging van hul menswaardigheid te bedien. Die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie navorsing geskied, is die unieke teologiese konsep van eskatologie, wat nie net dui op die eindtyd nie, maar ook 'n aanduiding is van die essensie van die nuwe wese van mense in Christus.

**Trefwoorde:** menseregte; menswaardigheid; sosio-ekonomies; teologies-pastorale sorgstrategie

## *Abstract*

### **An investigation concerning the human dignity of brown state pensioners**

This article endeavours to use empirical investigation in interpreting the socio-economic situation of coloured state pensioners to determine whether their human dignity is violated by their socio-economic situation. These older people are members of the Redeemed African Methodist Church. The relevance and importance of this article lies in demonstrating that the quality of life and the well-being of people are existentially determined by the extent to which their human dignity is acknowledged. The main purpose of the article is to present a

theological-pastoral care strategy to assist them in the affirmation of their dignity when it is violated by their socio-economic situation.

The article is based on the perspective of practical theology, where pastoral care is understood as a public theology which analyses various ideologies and structures responsible for human suffering with the intention of influencing the wider society. The theoretical framework within which this article is situated is eschatology: indicating the essence of new beings in Christ. The empirical data was gathered by means of focus groups. Participant selection was made according to a stratified random selection method where the criteria important for the research were set and participants were selected randomly based on these criteria. After a pilot study the data for this research was gathered. A follow-up session was also held. Atlas-ti was used for the analysis of the data. Permission for this research was obtained from their church and the ethics committee of the University of Stellenbosch.

The theological theory of human dignity is utilised in interpreting the socio-economic situation of these participants. This theory explains that, as all humans are created in the image and likeness of God, they have unique worth. This theory also posits that apart from being created *Coram Dei*, human beings are also dependent for their unique identity on their participation in the communion of God. Other human beings are accepted unconditionally as neighbours, resulting in equality between all human beings. The theological theory of human dignity forms the basis for a Christian anthropology where human beings are all in a unique relationship with God and one another. Human beings, according to a Christian anthropology, exist because of one another and for one another. This understanding of human dignity is also supported by the philosophy of Kant and from within jurisprudence. Sin destroys the relationship between God and human beings and between human beings and is a negation of human well-being and of their dignity. It is through the crucifixion and resurrection of Christ that the relationship between God and human beings is restored. Human dignity is not earned, but ascribed by grace. Furthermore, human dignity is protected in the Constitution of the Republic of South Africa and in the International Declaration of Human Rights by various human rights. These definitions of human rights are employed in this article to determine the violation of human dignity.

Based on theories indicating the perpetuation of poverty over generations, the first socio-economic theme emanating from the data relates to the formal education of the participants. Most of the participants had been forced to leave school early in the basic education phase to assist parents with poverty alleviation. They did not enjoy the protection of compulsory education that their white counterparts enjoyed, nor were they protected by the human right to basic education. Various authors are clear about the positive influence of basic formal education for the appropriate formation and well-being of human beings. These children were not taken out of school to be idle at home, but to go out to earn money or take care of younger siblings so that older siblings could go out to earn money. This in turn led to the further violation of human rights: being forced into child labour. Although the current constitution of the Republic of South Africa protects children from the exploitation of child labour, the previous constitutions did not contain such sections on human rights. Although the exploitation of child labour was prohibited in 1956 by the *Supplementary Convention on the abolition of slavery, the slave trade, and institutions and practices similar to slavery*, the participants in this research grew up without such protection, and their human rights as children were violated. The violation of their human rights as adults continues, as indicated by their living in inadequate housing. Since 1940, reports have lamented the demoralising

effect of the housing conditions of coloured people, as have various authors. They have shown how these conditions militate against decency and how they are absolutely not conducive to appropriate human development. These conditions constitute a negation of human dignity and are the breeding ground for crime and other destructive activities. They also contribute to ill health. The psychological damage caused by inadequate housing is severe. Poor sanitation, living conditions and overcrowding contribute to the suffering of the participants. The right to adequate housing is regarded in such a serious human light that seven international documents highlight it. This right is enshrined in the current constitution of South Africa, but is subject to the availability of state resources. Given this state of affairs, some sources are clear that not much is done for appropriate housing for poor older people. Concomitant with poor housing is poor medical care. Though medical care is free to the poor at clinics and day hospitals, it is the quality of the care and in many instances the attitude of medical personnel that are detrimental to human dignity. People also have to travel long distances to medical facilities which involves the cost of getting there. Long queues once they get there are a further violation of dignity. The medical transformation in the democratic South Africa is not friendly to older people, as more funds and personnel are channelled to children and pregnant women, resulting in the marginalisation of geriatric services. Quality medical care is expensive and out of reach for most of the participants of this investigation. It is especially their participation as consumers in today's consumer society that violates their dignity. Because of poverty and unemployment, the pensions of many of these older people must provide for the needs of a whole household, making these older people vulnerable to having to buy necessary commodities on credit. The practice of buying on credit invariably enslaves them to debt. Debt enslavement deprives them of one of the building blocks of dignity: freedom.

The Christian church preaching Christ crucified and resurrected automatically preaches restored relationships in Christ. The church has to proclaim this assertion of restored dignity in situations where dignity has been violated. The church they belong to will, therefore, have to be instrumental in the process of reconstructing the identity and dignity of these older people in a way that can also be appreciated by those not belonging to faith communities. In order for this to happen, the following is suggested as a theological-pastoral care strategy in an effort to restore and affirm the human dignity of these older people.

The church could start this care strategy by ascribing the Biblical identity and worth of older people to these poor older people: they are worthy of respect and honour (Leviticus 19:32); they are part of a category of promise and blessing (Exodus 20:12); they are recipients of God's special care to be carried into old age by God himself (Isaiah 46:3); they are eschatological signs and symbols of God's renewed goodwill towards restored communities so that people again live to a ripe old age (Zachariah 8:1-8); they are the strength of a household (1 Samuel 2:31). Such an ascribed identity and worth could give these older people the public value to be recognised within society. The reconstructed Biblical identity ascribed to them could be shared with the wider society through the church, local radio programmes and platforms, literature and other art forms, and even by the writing of the biographies of ordinary older people to highlight their contribution to a better and more stable society.

Through preaching, Bible study, programmes and other methods, the Church could use the values of reciprocity and responsibility to assert that one should do to older people what you would like done to you. Within families, vertical reciprocity could be promoted to enhance

respect between grandchildren, children and older people. Church money could be applied to improve the houses of these older people. In centres for older people, the church could assist in securing better-qualified personnel, regular visits by medical personnel, better handling of medication, etc. Links could be established between families, municipal ward members and members of parliament working in their constituencies for the establishment of home-care facilities for frail older people. Even the situation in medical facilities could be addressed to improve medical care for these older people and thus affirm their dignity.

**Keywords:** human dignity; human rights; socio-economic; theological-pastoral care strategy

## 1. Inleiding

Die ongelyke sosio-ekonomiese Suid-Afrikaanse samelewing noop die vraag na die implikasie van menswaardigheid as 'n grondbeginsel van die Suid-Afrikaanse samelewing, soos vervat in die Grondwet van die eerste demokraties verkose regering in Suid-Afrika en in vele Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof-uitsprake. Die vraag kan veral in verband gebring word met kwesbare samelewingsgroepe soos skoolgaande kinders, arm ouer persone,<sup>3</sup> ander behoeftige mense wat afhanklik is van staatspensioen en staatstoelae vir hul lewensonderhoud, werklose mense en dies meer. In hierdie bydrae val die klem op die menswaardigheid van 'n groep bruin<sup>4</sup> staatspensioenarisse wat lidmate is van die Redeemed African Metodiste Kerk (RAMK)<sup>5</sup> binne hul sosio-ekonomiese omstandighede. Hierdie bydrae wil dus poog om deur middel van 'n empiriese ondersoek aan te toon of hierdie ouer persone se menswaardigheid deur hul sosio-ekonomiese werklikheid beïnvloed word. Die tersaaklikheid en belangrikheid van die bydrae is dat mense se lewensgehalte en hul florerings binne bepaalde lewensomstandighede eksistensiëel bepaal word deur die erkenning al dan nie van hulle menswaardigheid. Die hoofdoel van die bydrae is om, indien bevind word dat hul menswaardigheid geskend is of word, 'n teologies-pastorale sorgstrategie aan te bied vir die bevestiging van die menswaardigheid van hierdie ouer persone.

Hierdie bydrae word aangepak vanuit die praktiese teologie, waar pastorale sorg oor die laaste paar dekades ontwikkel het in 'n publieke teologie wat poog om die breër maatskaplike orde te ontleed en te beïnvloed. Ter ondersteuning van hierdie standpunt dui Miller-McLemore (2004:51) aan dat die pastoraat vanuit dié perspektief 'n profetiese en transformerende uitdaging aan die stelsels van mag, gesag en oorheersing bied wat daarop gerig is om individue en gemeenskappe nadelig te stem en te onderdruk. Die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie bydrae plaasvind, is die unieke teologiese perspektief eskatologie. Eskatologie het tradisioneel te make met die studie van die laaste dinge. Volgens Louw (1998:61) moet die term *laaste* in *laaste dinge* nie as 'n tydskategorie beskou word nie, maar eerder as 'n aanduiding van die essensiële nuwe wese in Christus wat aan pastorale sorg die beskrywing bied van hoe dinge in die toekoms in Christus daar kan uitsien. Hierdie teoretiese raamwerk vind 'n korrelasie met die bevrydingsteologie wat aandui dat die heil en geestelike welsyn van mense gerealiseer word in kontekste van hul alledaagse lewe (Gutiérrez 1973:189).

Met die bostaande opmerkings as agtergrond wil die artikel sy bydrae struktureer deur gebruik te maak van die metodologie soos uiteengesit deur Osmer (2008:4). Met die fokus op bruin ouer persone wil die bydrae deur middel van die beskrywende-empiriese taak die sosio-

ekonomiese situasie van die bruin ouer persone beskryf. Verder wil die bydrae fokus op die teorie van menswaardigheid wat deel vorm van die interpreterende taak. As teoloog wil ek die normatiewe taak gebruik om veral te fokus op die menswaardigheid van ouer persone vanuit die teologie. Ten laaste bied die bydrae riglyne aan vir 'n teologies-pastorale sorgstrategie vir die erkenning en bevestiging van die menswaardigheid van hierdie ouer persone (die pragmatiese taak).

Die fokusgroepmetodologie is gekies vir die insameling van die data. Die fokusgroepmetodologie is bes hiervoor geskik omdat fokusgroepe deel van 'n kwalitatiewe navorsingsmetodologie is. Volgens Gaižauskaitė (2012:21) is die fokusgroep 'n georganiseerde gesprek met 'n klein groepie doelgerig-gekose deelnemers wat op 'n bepaalde navorsingsonderwerp fokus. Ook is dit nie net 'n bespreking tussen deelnemers nie, maar dit vorm 'n aktiewe interaksie tussen die deelnemers wat inligting verskaf wat nie deur individuele onderhoude verkry kan word nie. Die bespreking in 'n fokusgroep lei dan noodwendig tot 'n verskeidenheid van perspektiewe wat so noodsaaklik vir die huidige studie is. Ook verskaf hierdie metodologie spoedige uitslae, en terselfdertyd dek dit 'n verskeidenheid van idees, menings, ervarings, behoeftes, evaluerings en aspekte komende van 'n groep deelnemers (Gaižauskaitė 2012:20). In 'n fokusgroep word die bespreking gefasiliteer en gestimuleer wat dan lei tot groter spontaniteit van response (Webb en Doman 2008:53). Die rasionaal agter die gebruik van fokusgroepe is dat kennis geskep word deur die diverse ervarings en vorme van kennis van en die interaksie tussen deelnemers (Grønkvær, Curtis, De Crespigny en Delmar 2011:16). Deur die fokusgroepmetodologie bied die deelnemers aan hierdie projek die navorser 'n siening van hoe mense dink, asook 'n beter insig in die ruimte waarbinne bepaalde ervarings plaasvind (Braud en Anderson 1998:41).

Die seleksie van verteenwoordigers het volgens die gestratifiseerde ewekansige steekproefmetode geskied waar kriteria belangrik vir die studie vooraf geïdentifiseer is, en waarna die verteenwoordigers dan ewekansig gekies is uit die groepe wat aan die voorafbepaalde kriteria voldoen (Graziano en Raulin 2004:205). Al die verteenwoordigers is bruin ouer persone wat staatspensioene ontvang en lidmate van die RAMK is. Hulle kom uit plaaslike bruin gemeentes wat op 'n ewekansige manier uit die stedelike en landelike gebiede in die denominasie gekies is en wat verskeie geografiese gebiede verteenwoordig, van die noorde, suide, ooste en weste, en veral waar gedwonge hervestiging vanweë die voormalige Groepsgebiedewet die opvallendste is. Die plaaslike pastore is versoek om 'n lys en kontakbesonderhede van ouer gemeentelede wat 'n staatspensioen ontvang aan die navorser te voorsien, waaruit die navorser self ouer persone op 'n ewekansige wyse gekies het, byvoorbeeld elke derde of vierde naam op die lys. In elke dorp of gebied is 'n pastorale berader of 'n maatskaplike werker/-ster geïdentifiseer om deelnemers by te staan indien deelname aan die navorsing intense trauma veroorsaak. Van die beoogde 11 fokusgroepe het 10 byeengekom.

Die besprekings in die fokusgroepe is gelei deur die navorser aan die hand van 'n voorafopgestelde besprekingsgids, wat sewe besprekingsonderwerpe dek.<sup>6</sup> Hierdie besprekingsgids is vooraf in 'n loodsstudie getoets. Na die bespreking van grondreëls, veral vir die versekering van eweredige deelname, 'n verduideliking van die doel van die sessie en die invul van vorms vir die vrywillige deelname en die versekering van vertroulikheid, het die besprekings begin. Die sessies is afgesluit met die uitnodiging om verdere inligting met die navorser te deel en ná bedankings is die sessies met verversings gesluit. Geen vergoeding is aan deelnemers betaal nie. Die sessies, wat ongeveer 'n uur en 'n half geduur het, en wat

deur gemiddeld sewe verteenwoordigers bygewoon is, het plaasgevind in die plekke waar die groepe normaalweg aanbid. Die besprekings is deur 'n hulpnavorsers op oudiobande opgeneem, maar notas is ook van die besprekings geneem. Die transkripsies van die besprekingsgroepe is deur die navorsers self gedoen en die ontleding daarvan in bepaalde temas is gedoen met behulp van die ontledingsprogram Atlas.ti. Die bespreking van die bevindinge is in 'n opvolgssessie met die fokusgroepe gedoen, vir goedkeuring vir voorgenome aksies of vir watter ander voorstelle ook al genoem mag word. Die doel van hierdie opvolgssessies was ook om die deelnemers 'n sin van eienaarskap van die projek te gee en om sodoende die emosionele koste van deelname versus voordeel van deelname te verminder.

Vervolgens sal gefokus word op 'n bespreking van die teologiese grondslag van menswaardigheid wat later in die vertolking van die data gebruik sal word.

## **2. Die teologiese grondslag van menswaardigheid**

In die Christelike teologie is die klem op die menswaardigheid van die mens vanaf die vroegste tye nou verbind met die tema: geskape na die beeld en gelykenis van God (Mays 2006:35) waardeur aan die mens 'n besondere identiteit toebedeel is. Uitdrukking wat hierdie tema verwoord het, was algemeen bekend in die Nabye Ooste ten tye van die skrywe van Genesis 1 (Ammicht-Quinn 2003:41) en dui op 'n besondere band of verhouding tussen die mense en hul gode. In die antieke Egiptiese en Assiriese kulture is die heersers beskou as afbeeldinge van die gode, as hulle verteenwoordigers (Ruston 2004:277). Dus kan gesê word dat Genesis 1:26–27, wat uitspel dat die mens na die beeld en gelykenis van God geskape is, dan 'n weerspieëling van die kennis van die milieu is en op 'n besondere band of verhouding tussen God en die mensdom dui. In Genesis 5:3 verwek Adam 'n seun in sy gelykenis en na sy beeld en dit is in hierdie ooreenkoms tussen vader en seun dat die vader in die seun verteenwoordig word na sy dood (Ammicht-Quinn 2003:41). Die belangrikheid hiervan, voer Mays aan (2006:36), is dat dit wat in Adam die beeld/gelykenis van God verteenwoordig, in die opeenvolgende generasies voortgesit word. Die skepping van die menslike wese as nuwe wese na die beeld van God en die voortsetting van hierdie beeld van God deur die generasies is volgens Ammicht-Quinn (2003:43) 'n aanduiding van die grootste moontlike skakeling tussen die menslike wese en God. Menslike waarde en menswaardigheid is ook intiem geskakel met die mens, wat 'n lewende siel word toe God se skeppende asem self in die broos droë aarde geblaas is (Genesis 2:7). In die lig hiervan skryf Brueggemann (1997:452):

Dit beteken dat die mens in oorsprong en vir ewig afhanklik is van die besondere gawe van God vir lewe. Die mens bestaan dus slegs as gevolg van God wat getrou asem gee en daarom moet die mens verstaan word in verhoudingsterme en nie in essensiële terme nie. Die mens wat 'n lewende siel word, sluit dualisme uit. Die mens is nie 'n geïsoleerde individu nie, maar lede van 'n gemeenskap van persone wat bestaan op grond van die lewegewende asem van God en wat hul menslikheid in sodanige gemeenskap het. (My vertaling)

Vorster (2008:200) toon, in refleksie op die bovermelde stellings van Brueggemann, aan “dat die mens menslik word en as menslike mens, menswaardig”. Hierdie deelname van die mens

in God se skeppende mag is vir Schwager (2004:360) 'n aanduiding van die onvervreembare menswaardigheid van die mens.

Naas die feit dat menswaardigheid gesetel is in die geskapeheid na die beeld en gelykenis van God, bied die teologie ook die siening aan dat die besondere identiteit wat dan aan mense toebedeel is, intiem afhanklik is van mense se deelname deur genade, en nie van nature nie, in die gemeenskap van die Drie-enige God op grond van die mens se verbintenis met Christus (Schwöbel 2009:226). Geskapeheid na die beeld en gelykenis van God kan dus beskou word as deel van God se skeppende ekonomie vir verhoudings en liefde (Smit 2003:19). Dit is op grond van hierdie Bybelse grondslag van menswaardigheid dat die Bybelse konsep van *die naaste* as die verskillende *ander*, wat onvoorwaardelik aanvaar word sonder die vrees van afsondering en verwerping (Louw 2005:119), dan sy beslag vind in die beginsel van die gelykheid van alle mense. Bunge (2009:173) maak ook 'n belangrike bydrae tot hierdie grondslag van menswaardigheid as hy aandui dat die menswaardigheid en waarde van alle mense, die uniekheid van mense, intiem bepalend is deur die menslikheid van Jesus: omdat God kies om Godself te openbaar deur die mens Jesus en dan so met die mensdom identifiseer deur 'n mens te kom word, word die waarde en menswaardigheid van mense verhoog.

Hierdie teoretiese verstaan van menswaardigheid kan dus slegs in menslike verhoudinge soos uitgespel in 'n Christelike antropologie betekenisvol tot uiting kom. In 'n Christelike antropologie is mense gesetel in 'n netwerk van verhoudinge wat hulle nie geskep het nie, maar wat vir hulle daargestel is (Schwöbel 2006:47). Hieroor sê Ruston die volgende: "These relationships are not added on, as it were, after creation, but belong to what it means to be human, to have a human nature" (2004:279). As sodanig bestaan hierdie persone nie as afgesonderde figure nie, omdat hulle bestaan vanweë ander mense in die gemeenskap en om te kan bestaan, moet ander mense ook bestaan (Bonhoeffer 1963:32). Menswaardigheid behoort dan nie tot die private of innerlike nie, maar dit vloei uit in die gemeenskap en die politiek deur 'n bevrydingsproses onder leiding van 'n bevrydende God as gids en metgesel (Tamayo-Acosta 2003:67).

Hierdie teologiese grondslag van menswaardigheid vind ook 'n korrelasie in die morele filosofie van veral Immanuel Kant, wat die inherente waarde van die mens aandui in die volgende stelling: "Was einen Preis hat, an dessen Stelle kann auch etwas anderes als Äquivalent gesetzt werden; was dagegen über allen Preis erhaben ist, mithin kein Äquivalent verstattet, das hat eine Würde"<sup>7</sup> (Kant 1920:60 [1785 434]). Vanuit die jurisprudence beklemtoon Liebenberg (2005:11) dat erkenning van menswaardigheid dui op die besef dat ons wesens is wat ineengeskakel is, en ons hele wese is onlosmaaklik verbind met hoe ons deur ander in die samelewing geëvalueer word. Uit hierdie vakgebied toon Barak (2015:130) aan dat die menswaardigheid van 'n persoon nie haar persoonlike monoloog is nie, maar 'n dialoog tussen haar en ander lede van die gemeenskap en dat 'n persoon se menswaardigheid ook die menswaardigheid is van diegene wat verskillend van haar is.

Die Christelike antropologie kan ook sekere raakpunte vind in die jurisprudence se persepsie van menswaardigheid wat deur Barak (2015:124–31) in vyf inhoude beskryf word. Die eerste hiervan is dat menswaardigheid op die menslikheid van die mens fokus en die mens in haar volle kompleksiteit oor die hele bestek van haar bestaan reflekteer. Tweedens dui dit op die menslikheid van die mens as 'n vry wese wat hom ontwikkel volgens sy eie wil. Derdens dui dit op die menslikheid van die mens as 'n persoon met 'n outonome wil wat sy eie toekoms

bepaal, vierdens op die menslikheid van die mens as 'n verwerping van die mens as 'n middel tot 'n doel. Die laaste van hierdie inhoude dui op die menslikheid van die mens in die raamwerk van die gemeenskap in 'n dialoog met ander lede van die gemeenskap. Ook kan die Christelike antropologie dalk met vrug kennis neem van hierdie sekulêre verstaan van menswaardigheid, aangesien menswaardigheid wat in 'n multikulturele samelewing soos Suid-Afrika vanuit óf 'n teologiese óf 'n sekulêre grondslag aangebied word, die gevaar kan loop van reduksionisme, waar die mens vanuit een hoek as die enigste hoek gewaardeer word en sodoende die omvang van menslike kompleksiteit ontken (Browning 2006:300). Hierdie kennisname van die sekulêre persepsie van menswaardigheid kan vir 'n Christelike antropologie voordelig wees veral vanweë die verskeidenheid van hedendaagse aanslae op menswaardigheid. In hierdie verband word, naas ekonomiese vergryping, ook genoem die berowing van politieke regte van mense; natuurrampe wat mense van die noodsaaklikhede vir lewe stroop; hedendaagse tegnologieë wat mense as 'n middel tot 'n doel voorstel; en ander gevare, soos rassisme, gestremdheds-, ouderdoms- en geslagsdiskriminasie (Browning 2006:299).

Dit is daarom dat in 'n Christelike antropologie hierdie aanslae op menswaardigheid nadelig op die wese van menslike verhoudinge inwerk, maar waar liefde, genade, respek en omgee transformerende eienskappe het. Sonde as 'n wig teen God en 'n skending van die verhouding tussen God en die mensdom is 'n negering van die interpersoonlike verhouding in die mensdom (Schwöbel 1991:158). In 'n sondige situasie word menslike verhoudinge as 'n teenoorgesteldheid ervaar, as 'n bedreiging vir menslike groei en ontwikkeling, en nie as bronne vir geleentheid nie (Schwöbel 1991:158). Maar dit is in die gekruisigde en opgestane Christus dat die beeld van God in die gevalle mensdom hervestig word, en daardeur word menslike verantwoordelikheid in Christus geskep vir die daarstelling van hernude verhoudinge tussen God en die mensdom en mense onderling (Schwöbel 2006:53). Hierdie nuwe verhoudingsorde word eskatologies as broederlike en susterlike verhoudings beskou. Dit word soos volg deur Schwöbel gestel: "In the power of God's Spirit, men and women are included as sons and daughters in the relationship of Jesus as the Son to God the Father" (2006:54). In Christus se assosiasie met die uitgeworpenes van die gemeenskap word God se identifikasie met diegene wat hul menswaardigheid verloor het, gesien (Schwöbel 2006:55). Die kruisdood van Christus, wat as onmenswaardig voorgehou word, word dan getuie van die dood van alle vorme van menswaardigheid soos deur die wêreld bepaal en voorgehou as onmenswaardigheid soos deur God self bepaal (Schwöbel 2006:56). Die skending van menswaardigheid weens die vervreemding van God word dus deur die dood en opstanding van Christus herstel sodat menswaardigheid nie bepaal word deur menslike bevoegdhede nie, maar deur die genade van God (Schwöbel 2006:56). Deur die opstanding bied Jesus 'n unieke betekenis aan die wese van die mens as synde na die beeld van God deur 'n voorbeeld aan sy dissipels te bied en hulle te onderrig dat

julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie. (Matteus 20:25-28)

Op grond hiervan stel Forrester (2001:95) dit dat Jesus alle vorme van skeidsmure vernietig wat mense van mekaar skei, om die eenheid van die gemeenskap van gelowiges te verseker.



Hierdie grondslag van menswaardigheid word in hierdie bydrae aangewend om vas te stel of die menswaardigheid van die arm bruin ouer persone geskend is. Om dit in die praktyk te doen, is die begrip *menseregte* ingespan omdat die skending van menseregte dui op die skending van menswaardigheid, en die implementering van menseregte is daarom 'n aanduiding van die bevestiging van menswaardigheid. In die gebruik van *menseregte* vir die bepaling vir die skending van menswaardigheid is die verstaan dat menswaardigheid die basis vir menseregte vorm (Beyleveld en Brownsword 2004:13). Vir hierdie bydrae is die oortuiging van Vorster (2001:18) deurslaggewend dat menseregte Christelik-etiese begrond is en dien as 'n poging om menswaardigheid te beskerm (Van der Vyver 2005:460). Dit is dan op grond van die verband tussen menswaardigheid en menseregte dat die menswaardigheid van alle mense in internasionale en nasionale dokumente oor menseregte beskerm word. In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vorm menswaardigheid deel van die nie-aantasbare regte van mense wat 'n bevestiging is van "die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid" (Republiek van Suid-Afrika 1996:7). Alhoewel Brownlie (1992:21) noem dat die Internasionale Verklaring van Menseregte (voortaan die Verklaring) nie 'n instrument met regs krag as sodanig is nie, deel Vorster (2001:19) tog die menseregte in die Verklaring in volgens etiese regte (wat nie juridies afdwingbaar is nie) en fundamentele regte (wat wel sodanig afdwingbaar is). Hierdie verstaan van menswaardigheid sal nou aangewend word in die bespreking van kern sosio-ekonomiese temas, soos dit uit die data uitgekristalliseer het, waar die menswaardigheid van veral hierdie bruin ouer persone geskend word.

### 3. Kern sosio-ekonomiese temas

Ter sake vir hierdie bydrae is die feit dat armoede die geneigdheid toon om oor geslagte heen teenwoordig te bly. Dit word ondersteun deur 'n stelling deur Unicef (2004:15): "Impoverished children often grow up to be impoverished parents who in turn bring up their own children in poverty." Dit is veral so na aanleiding van die kumulatiewe voordeel-nadeel-teorie waar die omstandighede en ervarings van persone vroeg in hul lewe gebruik kan word om gevolglike uitkomst later in hul lewens te verklaar (Dannefer en Miklowski 2006:31). Met hierdie stelling en die voorafgaande bespreking as vertrekpunt, gaan hierdie bydrae verder fokus op die bespreking van kern sosio-ekonomiese temas, wat daarop dui dat die menswaardigheid van bruin ouer persone geskend word soos blyk uit die empiriese data van die betrokke navorsing.

#### 3.1 Formele akademiese opleiding

Die data van hierdie navorsing dui daarop dat die deelnemers hul lewens met 'n geweldige agterstand begin het vanweë hul gebrek aan voldoende akademiese opleiding, soos die volgende voorbeelde toon:

Daar het ek skool geloop tot by st. 4. Ek wou aangegaan het, maar ek kon nie verder nie. My pa-hulle se geld was maar min. Ek moes maar uit die skool uit gaan om vir hulle te help werk. (J1G3).<sup>8</sup>

Ek het nooit skoolgegaan nie. Ek is gebore in 1938. In daai tyd, toe ek 9 jaar oud is, toe't ek moet loop werk het. Toe't my ma gesterwe en toe't ek moet loop werk in die

kombuis. En daar het ek groot geraak. En die boer se kinders het skoolgegaan. Toe my pa vir ons in die skool sit, ek en my suster, ons was klein. Toe sê die boer, ek sal dit nooit vergeet nie. Toe sê die boer daai dag: my kinders gaan skool. Joune werk hier. (I1D3)

Die kardinale belang van skoolopleiding word deur Oosthuizen en Rossouw (2001:656) uitgelig wat daarop dui dat formele onderwys nie net leerders toerus met die nodige kundighede en vaardighede vir 'n sinvolle beroep nie; “dit is ook 'n geskikte instrument om die grondtoon van 'n menseregtekultuur aan 'n jong en opgroeiende geslag oor te dra.” Devenish (1998:224) wys ook daarop dat formele onderwys van kardinale belang is in soverre dit menseregte betref, aangesien dit mense bevry van onkunde, bygeloof en vrees en “gives to them dignity and self-confidence and is a basic right, on which the materialisation of many other rights depend”. Die reg op formele onderwys is internasionaal een van die fundamentele regte van die kind (Oosthuizen en Rossouw 2001:657). In die Verenigde Nasies se Verklaring, in artikel 26, word genoem (1) dat elkeen die reg het op verpligte onderwys in die elementêre en basiese fases; (2) dat onderwys gerig moet wees op die volle ontwikkeling van die menslike persoonlikheid; en (3) dat ouers 'n vooraf reg het in die keuse van onderwys aan hulle kinders. Op grond hiervan kan die 1899-wetgewing om verpligte formele onderwys vir die Suid-Afrikaanse kinders slegs van Europese afkoms af te dwing (Lewis 1987:14) as die skending van 'n fundamentele mensereg beskou word. Hierdie diskriminasie teen bruin kinders met betrekking tot die reg op basiese onderwys het byvoorbeeld ook na vore gekom toe aan 'n algehele ongeskoolde deelnemer se ouers gesê is: “My kinders gaan skool. Joune werk hier” (hier bo aangehaal). Volgens Beyleveld en Brownsword (2004:16) word in hierdie geval dubbel teen die menswaardigheid van die kind oortree: eerstens is daar die ontkenning van die reg op onderwys vir die kind, en tweedens faal die spreker van hierdie woorde in sy verantwoordelikheid om die menswaardigheid van hierdie kind te respekteer.

Die reg op basiese onderwys word deur die Grondwet in artikel 29 (1) (a) beskerm (Republiek van Suid-Afrika 1996:14). Devenish (1998:228) toon aan dat, anders as die reg op behuising, gesondheid, water en sosiale sekerheid, die grondwetlike verpligting op die staat om basiese onderwys te verskaf nie onderworpe is aan die beperkings van artikel 26 (2), wat die verskaffing onderhewig maak aan die beskikbaarheid van hulpbronne nie. Die Unieregering het nie die Verklaring onderteken nie, met die gevolg dat die bruin ouer persone se menswaardigheid as kinders geensins die beskerming van die menseregteverklaring vir basiese onderwys geniet het nie. Hierdie persone is as kinders uit die skool gehaal om te gaan werk om die gesin met armoedeverligting te help. Dit dui dan weer op 'n ander menseregteskending, deur middel van kinderarbeid.

### **3.2 Kinderarbeid**

In die data van die navorsing word dit bevestig dat die deelnemers nie uit die skool gehaal is om ledig by die huis te sit nie, maar om die gesin finansiëel te help deur uit te gaan om te gaan werk of om kinders by die huis te versorg sodat ander lede van die huishouding kan gaan werk.

Die volgende aanhaling dien as voorbeeld hiervan:

Ek moes skool verlaat het om agter my susters en broers te gekyk het. By ons was dit so: my ma het gewerk al die jare by die witmense. Daar het sy nie huis toe gekom nie. Toe moes ek skool verlaat. Uit st. 4 om agter my broers en suster te kyk. (F1D2)

Alhoewel kinderarbeid in baie gemeenskappe veroordeel word, word dit tog in vele gemeenskappe wêreldwyd bedryf (Siddiqi 2013:216). Kinderarbeid beroof kinders van die tyd en geleentheid om hul kindwees te geniet. Die verslag *The state of the world's children 2005* (Unicef 2004:17) onderskraag die ervaring van hierdie kohort van ouer persone wat vanweë armoede nie die voordeel van formele akademiese opleiding kon geniet nie aangesien hulle moes werk om kos op die tafel te plaas. Hierdie verslag toon verder aan dat dit veral dogters is wat in tye van finansiële nood skool vroeg moet verlaat.

Alhoewel die vorige grondwette van Suid-Afrika geen handveste van menseregte bevat het om kinders teen kinderarbeid te beskerm nie, word kinders in die demokratiese Suid-Afrika wel hierteen beskerm. In artikel 28 (1) (f) van die Grondwet word aandui dat elke kind die reg het

om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie, wat (i) onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom; of (ii) 'n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou. (Republiek van Suid-Afrika 1996:13)

Ten spyte hiervan is uitbuiting deur kinderarbeid reeds in 1956 in artikel 1 (d) van die *Supplementary Convention on the abolition of slavery, the slave trade, and institutions and practices similar to slavery* verbied (Brownlie 1992:59). Hierdie deelnemers het dus hul kinderjare beleef in 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap waar hulle blootgestel was aan uitbuiting deur kinderarbeid. So is hulle menswaardigheid reeds as kinders geskend. In hul volwassenheid en in die ouderdom word die skending voortgesit. Die sosio-ekonomiese situasie van hierdie deelnemers, soos blyk uit die navorsing, word gekenmerk deur die onbekostigbaarheid van voldoende behuising en mediese sorg, asook die onvoldoende aanwending van die staatspensioen vir die noodverligting van hele huishoudings.

### 3.3 Onvoldoende behuising

Vele mededelings van deelnemers dui op hul onvoldoende behuisingsituasies. Die volgende aanhaling dien as voorbeeld: “Ek het een slaapkamer, ek het 9 kleinkinders daar en 4 grootmense. By daai klein huisie in die ... in. Dis crowded. Maar wat kan ek maak?” (H2D3).

Menswaardigheid, argumenteer Beyleveld en Brownsword (2004:18), moet formeel gestalte kry in 'n positiewe reg wat die omstandighede waarin menswaardigheid verseker kan word, beskerm vir die gepaste ontwikkeling van die menslike wese. Dit is dan veral in die lig van die verhoudingsaspek van menswaardigheid dat die gehalte van die konteks van mense (Kirchhoffer 2013:222), in hierdie geval hul behuisingstoestand, 'n groot rol in hul florerende speel. Reeds in 1940 (wat min of meer binne die begintydperk van hierdie kohort ouer persone val) word die demoraliserende huislike omgewing van bruin mense deur Ziervogel (1940:27) beklemtoon as hy noem dat die verblyf in krotbuurte nie net fisieke agteruitgang en verhoogde mortaliteit skep nie, maar dat waardigheid en die begeerte tot 'n beter lewe nie in

krotbuurte tot hulle reg kom nie. In stede hiervan lei dit tot alkoholisme en misdaad wat beskaafdheid negeer. Cilliers (1971:9) deel die oortuiging dat in sodanige haglike behuisingsomstandighede nie van kinders verwag kan word om in hul skoollewe uit te blink nie. Dit is ook in hierdie siellose lewensomstandighede dat vele kinders weinig liefde, vertrouwe en respek ervaar wat so noodsaaklik is vir menslike ontwikkeling (Mampela en Wilson 1987:50).

Oorbewoning en die gebrek aan behoorlike behuising is heg gekoppel aan die haglike sosio-ekonomiese situasie van bruin mense (Thomas 1976:65–7). Die *Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep* (Republiek van Suid-Afrika 1976:204) beklemtoon dat “swak en ontoereikende behuising ... ’n akute bron van ontevredenheid en verbittering asook die teelaarde van maatskaplike wantoestande en van swak gesondheidstoestand” is. Gedwonge hervestiging vanweë die Groepsgebiedewet (41 van 1950) het tot gevolg gehad dat teen 1965 meer as 300 000 persone op die Kaapse Vlakte verwyder is uit tradisionele gemeenskappe waar bruin inwoners eiendom besit het (Pinnock 1989:163) en waar grootfamilie, vriendskap en godsdienstige netwerke veiligheidsnette kon verskaf aan diegene wat met lang tydperke van werkloosheid, onverwagse siekte en selfs dood moes handel. In die gedwonge-hervestigde gebiede soos Manenberg, Hanoverpark, Lavender Hill, Valhallapark, Ocean View en Bonteheuwel het werkloosheid, oorbevolking en misdaad toegeneem, met opslaanstrukture in agterplase waar mense in klam, swakgeventileerde en beknopte omstandighede moes woon en waar verspreiding van aansteeklike siektes soos tuberkulose floreer het (Soudien 2000:29). Swak behuising met swak sanitasie en swak algemene leefstoelnde dra by tot die lyding van die behoeftiges (Jeffery 2010:319), en tot swak lewensgehalte (Westaway 2007:12). Die reg op gepaste behuising is só belangrik dat Thiele (2002:712) sewe internasionale dokumente oor menseregte noem wat hierdie reg beklemtoon. Ook die Grondwet noem, in artikel 26 (1), die reg op voldoende behuising, hoewel onderworpe aan artikel 26 (2), wat verwys na die beskikbaarheid van die nodige hulpbronne by die staat.

Naas onvoldoende behuising speel ook onvoldoende mediese sorg ’n rol in die skending van menswaardigheid.

### **3.4 Onvoldoende mediese sorg**

In die data van hierdie navorsing noem deelnemers dat alhoewel mediese dienste by daghospitale en klinieke gratis is, dit veral die gehalte daarvan is wat menswaardigheid skend. Byvoorbeeld: “Ons gaan na die daghospitaal toe. Maar daar is nie altyd ’n dokter nie. Dan moet jy maar net weer huis toe gaan met die kwaal en met die pyn en maar op ’n ander tyd weer gaan” (E3D1).

Wat deelnemers aan hierdie navorsing veral ontstig, is dat tydens mediese ondersoeke daar nie aan hulle geraak word nie. Saam hiermee werk die lang afstande na die mediese geriewe, die lang toue daar, en die houding van die mediese personeel nadelig op hulle menswaardigheid in. Hierdie ervaring word onderskraag deur navorsing van Alaba en McIntyre (2012:723). Die deelnemers se siening van die gehalte van mediese sorg aan hulle strook met die bevindinge van die UWC Community Law Centre’s Workshop (2011:15) wat die mediese situasie vir hierdie ouer persone soos volg skets:

On the primary care level, there are no dedicated services for older persons, resulting in health care services that are not safe, timely, effective, efficient, equitable and people-centred ... It was also noted that very few older persons are referred to high levels of care.

Ten spyte van die steeds toenemende getal ouer persone globaal en nasionaal, word die arm ouer persone steeds die slagoffers van onvoldoende-opgeleide mediese personeel (Kalula 2013:1). In hierdie verband noem Joubert en Bradshaw (2006:215) dat die transformasie van die gesondheidsorg in Suid-Afrika geensins die arm ouer persone begunstig nie, aangesien vele personeellede vanuit geriatriese dienste heraan gestel is in kinderrimmunisasiëprogramme, en fondse herlei word na mediese programme vir kinders en swanger vroue. Die gevolg hiervan is die marginalisering van geriatriese dienste.

Die onvoldoende pensioentoeleae maak dit nie moontlik vir die deelnemers om na private dokters te gaan vir gepaste mediese sorg nie. Sommige van die deelnemers maak van openbare busdienste gebruik om na mediese instellings te gaan. Hulle word deur koste beperk om slegs tussen nege-uur soggens en vieruur smiddae teen R12 na en van mediese fasiliteite te reis. Buite hierdie tye word die fooi vir dieselfde afstand verhoog van R12 na R24. Hierdie ouer mense moet juis vroeg by hierdie fasiliteite wees om die lang toue te vermy.

Gesondheid in ouer persone word erken as een van die noodsaaklike aspekte van suksesvolle ouderdomservarings (Litwin 2005:328). Die positiewe reg waarvan Beyleveld en Brownsword (2004:18) praat vir die daarstelling van omstandighede waarin menswaardigheid verseker kan word, word ook wat die mediese sorg aan hierdie ouer persone betref, misken.

### **3.5 Op skuld koop**

In die data noem deelnemers dat dit absoluut onmoontlik is om met die huidige pensioentoeleag in die verligting van 'n hele gesin se ekonomiese nood te voorsien. 'n Voorbeeld hiervan is:

Die mense is honger al die tweede week van die maand, en imagine jy kom op die 30ste. Jy kan nie slaap nie, because jy moet nou dink ek skuld vir dinges 'n R100, vir daai een skuld ek 'n R20, vir jou skuld ek 'n R30. Nou tel jy dit bymekaar. Wat het jy oor. Jy moet dink aan die rent office wat jy na toe moet gaan. Nou kom jy daar, nou upset jy sommer vir jou. Nou kom jy terug met dieselfde seer hier binne-in. Jy voel dieselfde, want niks het verander nie. Nou wag jy al weer vir die eerste maar dit is nog vandag die 1st. Jy sien al weer uit. Die maand is nog net so lank. (A5D1)

Om in die behoefte van 'n hele huishouding se nood te voorsien, is hierdie deelnemers gedwing om die nodige lewensmiddele voortdurend op skuld aan te koop – iets wat dan onvermydelik lei tot slawerny aan op skuld koop. Skuldslawerny is volgens Mitchell (2009:51) 'n aanslag op menswaardigheid wat in sy mees gewelddadige vorm alomteenwoordig is in ons tyd. Testart (2002:176) verduidelik dat die vorm van skuldslawerny verskil van gemeenskap tot gemeenskap oor verskillende tydperke heen, maar oral word dit op 'n algemene beginsel gebaseer, naamlik dat 'n slaaf 'n uitgeworpene is wat uitgesluit word uit noodsaaklike gemeenskapsaktiwiteite. Chirichigno (1993:54,142) noem verskeie verbandhoudende sosio-ekonomiese faktore soos hoë belasting, hoë rentekoerse,

bronnemonopolieë en verskeie staatsdienste wat geprivatiseer is as redes vir skuldslawerny in beide die destydse Mesopotamië en Israel. Meeks (2006:199) stel dit dat menslike verslawing aan op skuld koop ook die gevolg kan wees van die onvermydelike uitvloeisel van ekonomiese globalisasie waar die massiewe rykdom wat hierdeur vir 'n klein persentasie van die mensdom gegenereer word, primêr voortspruit uit bronne wat losgelaat is deur oneffektiewe mededinging wat dan in finansiële markte ingesetel word. Die verdere uitvloeisel van hierdie ekonomiese globalisasie is dat firmas en nywerhede of bedrywe wat voorheen in staatsbesit was, deur die staat gesubsidieer en beskerm was deur regulasies en tariewe, nou geteiken word en versekerde werke van vorige werkers vernietig word. Miljoene mense verloor dan hivolgens hul lewensmiddele. Die gevolg hiervan word soos volg deur Meeks (2006:199) gestel:

The architects and beneficiaries of global change are enriched at a rate and scale never before seen. Economic efficiency increases but so do societal inefficiencies ... by putting all localities and communities in jeopardy, thus preventing for great numbers of people, the communal belonging necessary to human dignity.

Te midde van gebrek en skaarste word maklik toegegee aan die versoeking om op skuld te koop en as sodanig word op skuld koop binne neoliberalisme, met die geweldige klem op hoë rente en 'n intenser winsmotief, die primêre rasionaal vir menslike optrede wat onvermydelik lei tot skuldverslawing en die uitsluit uit die gemeenskap (Meeks 2006:206). Verslawing, dui Koopman (2014:4) aan, is die vernietiging van een van die twee boustene van menswaardigheid: vryheid.

Die teologiese begroning van menswaardigheid (soos in 2 beskryf) berus op 'n besondere verhouding tussen God en die mens wat God geïnisieer het met die skepping van die mens. Hierdie verhouding berus primêr op God se liefde vir die mens (1 Johannes 4:19) en die mens se liefde vir God en vir die medemens. Die intaktheid van hierdie God-mens-mens-verhouding is dan aanduidend van 'n gemeenskap vir menslike florerings en vervulling. Die skending van die menswaardigheid van hierdie deelnemers dui op die negering van so 'n gemeenskap en dié posisionering van die mens kan beskryf word as 'n wanposisionering in die geskape werklikheid (Schwöbel 2006:52). Deur die sonde word die menswaardigheid geskend en deur God se genade word dit herstel. Deur die opstanding van Christus raak die herstel van die God-mens-mens-verhouding opnuut 'n werklikheid, asook die herskepping van menswaardigheid wat deur die herstel van die God-mens-mens-verhouding geïmpliseer word. Hierdie postulaat kan slegs in sosiale kontekste waar hierdie teologiese idees in sosiale lewenstrukture gegrond word, bevestig word (Schwöbel 2006:52). Die sosiale konteks hiervoor is die Christelike kerkgemeenskap, die liggaam van Christus.

Die Christelike kerkgemeenskap wat saamgestel is uit persone wie se verhouding met God in Christus herstel is, raak dan volgens Schwöbel (2006:57) die middel en instrument van God se skeppende en herskeppende handeling in die konstruering en die rekonstruering van identiteit en menswaardigheid. Dit is dan hierdie siening van die mens wat Christus dramaties in die kerk rekonstrueer wat Schwöbel (2006:57) beskou as die ware siening van wat dit beteken om werklik mens te wees. Die kerk het dan die etiese imperatief, in diens van die gemeenskap (Jenson 2006:70), om hierdie beeld van die mensdom uit te dra in alle publieke kontekste waar die menswaardigheid van mense bedreig word (Schwöbel 2006:58). Op grond van die normatiewe taak sal RAMK dan 'n rol moet speel in die rekonstruering van die

identiteit en menswaardigheid van hierdie bruin ouer persone op 'n wyse wat sinvol is vir mense buite die geloofsgemeenskappe (Ammicht-Quinn 2003:43).

#### 4. Vir die daarstelling van 'n teologies-pastorale sorgstrategie

In 'n poging om te begin om die menswaardigheid van hierdie ouer persone te bevestig, sal die RAMK hom eerstens moet vergewis van die identiteit en waarde wat Bybels en teologies aan ouer persone toebedeel is. Hierdie identiteit en waarde, wat nie verdien is nie, dui op die spesiale aandag wat God aan ouer persone in die samelewing verleen. In 'n sorgstrategie vir die bevestiging van die menswaardigheid van ouer persone sal RAMK hierdie Bybelse en teologiese identiteit vir hierdie bruin ouer persone moet reconstrueer. So 'n praktyk kan tot gevolg hê dat in interaksie met hierdie ouer persone, die klem sal val op hul *gebruikswaarde* waar mense beskou word as 'n doel op sigself teenoor hul *ruilwaarde* (Hendricks en Leedham 1991:56) en wat kan lei tot nuwe maniere van lewe gebaseer op nuwe magsverhoudinge, belangstelling en kennis (Chopp 1987:135).

##### 4.1 Bybelse identiteit en waarde toebedeel aan ouer persone

In Levitikus 19:32 word die kinders van die Here beveel dat “vir die gryns hare moet jy opstaan; en die persoon van die grysaard eer; en jy moet jou God vrees”. Hier word die intieme verband tussen respek vir ouer persone en vrees vir God bevestig. Hieruit kan dan afgelei word dat tussen respek vir ouer persone en vrees en respek vir God daar 'n noue verband is. Eksodus 20:12 dui daarop dat die bereiking van hoë ouderdom 'n kategorie van belofte en seën is en as sodanig 'n Godsgawe aan ouer persone is. Dit dui ook op 'n kategorie waarin mense deur God ingedra word (Jesaja 46:3). Hierdie aksie van God om mense tot in die ouderdom te dra, is vir Koole (1997:501) 'n aanduiding dat God steeds die enigste en getroue God is en bly wat die volk sal onderhou soos God voorheen gedoen het.

In Sagaria 8:1–8 word die terugkeer van die Jode uit Babiloniese ballingskap aangetoon. Die implikasie van hierdie teksgedeelte vir ouer mense is dat toe God in woede die volk tussen die nasies verstrooi het, ook die welsyn van die kwesbare ouer persone geïgnoreer was. Die terugbring van God se volk na hul landgebied val saam met God se terugkeer na Sion om opnuut daar te woon (Sagaria 8:3). Nuwe moontlikhede en geleenthede van lewe kan nou weer ervaar word. Die aanduiding hiervan is dat “daar [...] weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem [sal] sit – elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel” (Sagaria 8:4–5). Die belangrikheid hiervan vir die reconstruering van ouer persone se identiteit en waarde kan byvoorbeeld gesien word in die stelling van Barker en Kohlenberger (1994:1529) dat die herestelde gemeenskap van Sagaria (8:1-8) 'n kwalitatiewe andersoortige karakter toon waar selfs die swakkes en weerloses in die gemeenskap veilig kan bestaan. Dit kan dus gesê word dat, as deel van God se herstel van sy volk en hul samelewing, ouer persone uit hul gemarginaliseerde situasie uitgelig is en sentraal in die gemeenskap geplaas is as tekens en simbole van God se hernude guns jeens die volk. Hiervan is 'n rustige en vreedsame lewe tot in die hoë ouderdom 'n teken. Volgens die bevrydingsteologie met vryheid as 'n hermeneutiese sleutel (Boff en Boff 1985:26) kan hierdie gedeelte ook geïnterpreteer word as die bevryding van ouer persone in die gemeenskap van dit wat hulle bestaan bedreig. As sodanig word hulle tekens en simbole van

die nuwe mensheid in Christus. Dit toon 'n nuwe mensheid aan waar lewe vervulling vind in rype ouderdom, en wat 'n aanduiding is van nuwe moontlikhede en geleenthede in Christus.

Met hierdie toebedeelde teologiese betekenis en waarde as tekens en simbole van God se guns kan hierdie ouer persone nooit oorbodig in die gemeenskap wees nie. Dit is dan juis in God se woede teenoor die mensdom, soos in die verhaal van Eli aangedui, dat die afwesigheid van ouer persone 'n aanduiding is van die afwesigheid van die krag en sterkte in die huishouding (1 Samuel 2:31). Die afwesigheid van die sigbaarheid van ouer persone in 'n gemeenskap is dus 'n aanduiding van 'n gemeenskap in verval. Hierdie rekonstruering van die identiteit van ouer persone as mense met herkenbare waarde is van kardinale belang omdat die erkenning van die identiteit van mense afhanklik is van die dialogiese verhoudinge met ander mense (Taylor 1994:34). Op grond hiervan kan 'n pastorale sorgstrategie hierdie ouer persone voorstel as mense met herkenbare identiteit as 'n herkenbare publieke waarde (Skeggs 2004:178). Deur hierdie herkenbare publieke waarde kan die kulturele waarde van hierdie ouer persone verhoog word in die gemeenskap om verdeeldheid te oorkom vir die daarstelling van nuwe lewenswyses (Delanty 2011:641).

As kerkgenootskap vorm RAMK in die gemeenskap een van die belangrike meningsvormende instellings wat die openbare lewe in die gemeenskap kan beïnvloed (Habermas 1996:355). Op grond hiervan kan RAMK dus 'n intersubjektiewe bewuswording van die menswaardigheid van hierdie arm ouer persone, gebaseer op 'n teologies toebedeelde waarde, met 'n sekulêre wêreld deel wat ook vir hulle sin maak. RAMK kan begin deur sy eie lidmate hiertoe te bemagtig deur die prediking en spesiale aanbiddingsdienste hiervoor te beplan. Hiervoor kan ook Bybelstudie, aanbiedinge, werksinkels, groepsbesprekings wat die geleentheid bied vir vrae en antwoorde en ander insette aangewend word. Hulporganisasies binne RAMK kan gereeld in klubs byeenkom vir aktiwiteite gemik op die bevordering van hierdie teologiese waarde en betekenis van ouer persone. Hierdie bevestiging van die menswaardigheid van ouer persone kan dan ook deur middel van programme deur Christelike en ander radiostasies, plaaslik of oor 'n wyer gebied, aangebied word. Toespraakgeleenthede, soos by die verjaarsdae van ouer persone, kan ook effektief hiervoor benut word. Die letterkunde en ander kunsvorme, soos liedjies, is al oor die jare aangewend om belangrike lewenstemas en lewenservaringe onder die aandag van die mensdom te bring. So kan die waarde en menswaardigheid van hierdie al groter wordende bevolkingsgroep van ouer persone as moontlike temas in hierdie kunsvorme aangebied word. Dit kan deur RAMK veral op plaaslike vlak aangemoedig word. In hierdie verband kan selfs bondige lewensoorigte of biografieë van gewone ouer mense geskryf word om die belangrikheid van hul bydrae tot die gemeenskap te beklemtoon.

#### ***4.2 Die bevestiging van menswaardigheid van ouer persone in die gemeenskap***

Morele waardes is belangrik in gemeenskappe as riglyne om menslike optrede sinvol te bepaal (Louw 1998:213). Dit is op grond van die benutting van die waarde van wederkerigheid, “die eenderse behandeling oor en weer”, dat 'n teologies-pastorale sorgstrategie kan bydra tot die bevestiging van die menswaarde van hierdie bruin ouer persone. *Wederkerigheid* kan bes verstaan word op grond van Matteus 7:12: “Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen”. Belangrik is Green (2008:2) se siening dat dit miskien die mees bekende etiese begrip of beginsel is wat dan dien as 'n fundamentele gids om ons houding jeens ander mense en in besonder die arm ouer persone in die gemeenskap te bepaal.



Die opdrag tot wederkerigheid word as 'n positiewe bevel in Levitikus 19:18 aangedui: "... jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Hierdie bevel word deur Christus as die tweede gebod gestel wat aan die eerste groot gebod gelyk gestel word: "En die tweede wat hiermee gelykstaan: jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matteus 22:39). Levine (2008:12) dui aan dat dit veral in die vergelyking "soos jouself" is dat wederkerigheid bevestig word.

Chilton (2008:78) lig uit hoedat Jesus liefde vir God gelykstel met liefde vir die naaste en beskryf hoedat liefde vir God en liefde vir die naaste nie onderskei kan word nie en dat elke persoon gesien moet word in die teenwoordigheid van God.

Die toepassing van die waarde van wederkerigheid kan ook gemotiveer word deur die waarde van verantwoordelikheid uitgedruk in die uitdrukking *respondeo ergo sum* "ek is verantwoordelik daarom is ek". Hierdie waarde dui daarop dat om mens te wees is om verbind te wees tot ander mense met die doel om iets sinvol vir hulle te doen (Louw 1998:156). Dit is hierdie verstaan van wederkerigheid wat deur RAMK aangewend kan word vir die bevestiging van die menswaardigheid van die arm oer persone in verhouding met ander mense in die gemeenskap.

#### *4.2.1 Positiewe sigbaarheid van oer persone in die gemeenskap*

Beter "motivering" kan aan wederkerigheid verleen word as RAMK kan meewerk tot die sigbaarwording (*mainstreaming*) van die bruin oer persone in 'n positiewer lig in die gemeenskap. Verskeie moontlikhede bestaan hiervoor. In skole met voedingskemas kan meer oer persone as verskaffers van voedsel aan kinders betrokke raak. Toesig oor en veiligheid van kinders op skole en op pad na en van skole kan deur meer oer persone gebied word. Ook kan hierdie oer persone soggens en smiddae by voetoorgange diens doen. Oer persone, veral oer vroue, tree in baie gevalle in huise op as versorgers van kleinkinders. RAMK kan die indiensneming van meer oer persone in kleuterskole in die omgewing beding. Deur met die Departement van Parke en Tuine te skakel kan RAMK oer persone betrokke kry in die verfraaiing van omgewings deur bome en struik op sypaadjies aan te plant en verantwoordelikheid vir die versorging daarvan te neem

#### *4.2.2 Die bevestiging van hul menswaardigheid in die familie, in sorgsentrums vir oer persone en mediese geriewe*

Deur die effektiewer toepassing van wederkerigheid binne gesinsverband kan RAMK poog om 'n bydrae tot die beter gehalte van arm huishoudings te lewer. Louw (2012:112) deel die oortuiging dat die familie die konteks is waar menswaardigheid bevorder word op grond van die teenwoordigheid van onvoorwaardelike liefde en waar persone in verantwoordelike mense kan ontwikkel. Dit is die sorg van ouers aan kinders en terug aan ouers binne familieverband (Robertson 1999:83) wat 'n weerspieëling is van vertikale wederkerigheid. Dit hou verband met die Bybelse vermaning om ouers te eer (Eksodus 20:12). Die eer wat tans aan ouers gegee word, word weer in die hoë ouderdom terug ontvang. Op grond van hierdie vertikale wederkerigheid kan RAMK kinders en kleinkinders aanspoor tot groter eerbied vir die oer persone in die gesin en veral om nie die pensioentoeleag van ouers vir eie gewin uit te buit nie. Voorstelle kan gemaak word ten opsigte van die effektiewe aanwending van die staatspensioen tot voordeel van die oer persoon en die huishouding op grond van behoeftebepalings van die huishouding. Hiervoor kan selfs die hulp van maatskaplike

werkers ingeroep word. Die gemeenskap kan gemobiliseer word om plaaslike winkels te probeer oorreed om basiese voedselsoorte teen afslagpryse aan die arm oer persone te bied.

Naas die poging om die gehalte van die huishoudings te verbeter kan RAMK ook eie finansies aanwend vir die verbetering van die wonings van hierdie arm bruin oer persone. Dit kan gedoen word deur die verf van hul wonings, die herstel van lekkasies op dakke en in loodgieterstelsels. Selfs basiese wegpakkassies vir kombuisartikels, klerasie en ander huishoudelike artikels kan deur RAMK vir hierdie arm oer persone aangeskaf word.

In sorgsentrums vir oer persone behoort broser oer persone tuis te voel as mense met 'n toebedeelde teologiese identiteit en waarde wat met medelye, liefde en respek behandel behoort te word. In hierdie fasiliteite behoort hierdie oer persone nie beskou te word as ontvangers van sorg wat dui op 'n passiewe eenrigtingverhouding nie (Hudson 2012:60), maar as 'n gemeenskap waar die kenmerke van wederkerigheid van sorg en omgee duidelik is en waar selfhulp en selfbestuur (Townsend 1981:20) aangemoedig word vir menslike florerings. Hiervoor sal RAMK in samewerking met die leierskap van hierdie instansies die aanstelling van toepaslik-opgeleide personeel wat sensitief is vir die behoeftes van hierdie oer persone moet beding in 'n poging dat hierdie instellings menslike vervulling en selfs ontwikkeling in hierdie laat stadium van lewe ondersteun. RAMK sal moet poog om deel te vorm van die bestuursplan in hierdie instellings om gereelde besoeke van mediese personeel te onderhandel, asook vir die beskikbaarheid van medisyne en die behoorlike beheer daarvan. Ook kan RAMK betrokke raak met families en die munisipale en parlamentsvertegenwoordigers in hul onderskeie kiesafdelings vir die daarstelling van plaaslike tuissorggeriewe vir broser oer persone.

Ouderdomsdiskriminasie is 'n aanduiding van hoe die lewe van oer persone in die algemeen as van minder belangrikheid en waarde as dié van jonger persone deur onder andere gesondheidsdiensverskaffers en ander instansies beskou word. Die werklikheid is dat hierdie houding jeens oer persone kan verander, veral as hul inherente menswaardigheid en respek erken word ongeag die opvallende verskille tussen oer persone en diegene wat die erkenning doen. Menswaardigheid is dus gebaseer op die demonstreerbare waarde van ons wese (Lamb en Thomson 2001:68) en hoe ons deur ander geag word.

Gebaseer op die teologiese toebedeling van 'n gerekonstrueerde identiteit in Christus en gebaseer op die morele waarde van wederkerigheid kan RAMK die mediese personeel en instansies aanspreek oor die swak verskaffing van diens aan hierdie oer persone. Dit kan gedoen word op grond van die feit dat die Suid-Afrikaanse samelewing gebou word op menswaardigheid, vryheid en gelykheid van die inwoners van die land. RAMK kan ook die reg op gehalte mediese diens hiervoor benut omdat dit veral die houding van die mediese personeel en instansies is wat verander moet word. Dit skyn asof effektiewe interne reorganisering in hierdie instansies kan lei tot korter wagtye, of geen wagtye nie, wat kenmerkend is van instansies in tradisioneel wit gebiede.

## 5. Ten slotte

In hierdie bydrae is die teologiese grondslag van menswaardigheid aangewend om die menswaardigheid van 'n groep bruin staatspensionarisse binne hul sosio-ekonomiese

situasie te help interpreteer. Die konsep van menseregte wat afgelei word van menswaardigheid en hul gegrontheid daarin vind, is in hierdie bydrae aangewend om die skending van die menswaardigheid van hierdie groep deelnemers te bepaal. Die bevinding is dat die menswaardigheid van die deelnemers oor hul hele lewensduur geskend is en steeds geskend word. Kern sosio-ekonomiese temas waar die skending van hul menswaardigheid plaasvind, is formele onderwys, uitbuiting deur kinderarbeid, onvoldoende mediese sorg en behuising, en binne die verbruikersgemeenskap waar hulle verplig word om skuld aan te gaan om in die ekonomiese nood van hele huishoudings te voorsien. Die gevolg hiervan is dat hierdie ouer persone nie kon, of tans nie kan, floreer met soveel skendings van hul menseregte nie en veral nie binne lewensruimtes wat menswaardigheid nie bevestig nie. In 'n teologies-pastorale sorgstrategie is 'n poging aangewend wat ten doel het 'n rekonstruering van die toebedeelde teologiese identiteit en waarde van ouer persone vir die bevestiging van die menswaarde van hierdie mense. Op grond van die morele waarde van wederkerigheid is dan verder gepoog om riglyne en voorstelle aan die hand te doen om die menswaardigheid van hierdie persone in die gemeenskap te bevestig. Hierdeur word gehoop om aan hulle 'n herkenbare identiteit te bied met herkenbare publieke waarde vir die skep van nuwe lewenswyses.

## Bibliografie

Alaba, O.A. en D. McIntyre. 2012. What do we know about health service utilization in South Africa? *Development Southern Africa*, 29(5):704–24.

Ammicht-Quinn, R. 2003. Whose dignity is inviolable? In Ammicht-Quinn, Junker-Kerry en Tamez (reds.) 2003.

Ammicht-Quinn, R., M. Junker-Kerry en E. Tamez (reds.). 2003. *The discourse of human dignity*. Londen: SCM Press.

Barak, A. 2015. *Human dignity. The constitutional value and the constitutional right*. Cambridge: Cambridge University Press.

Barker, K.L. en J.R. Kohlenberger. 1994. *The expositor's Bible commentary*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Beyleveld, D. en R. Brownsword. 2004. *Human dignity in bioethics and biolaw*. Oxford: Oxford University Press.

Boff, L. en C. Boff. 1985. *Salvation and liberation*. Melbourne: Dove Communications. Maryknoll, New York: Orbis Books.

Bonhoeffer, D. 1963. *Sanctorum communio*. Londen: Collins.

Braud, W. en R. Anderson. 1998. *Transpersonal research methods for the social sciences. Honoring human experience*. Londen, Thousand Oaks, Nieu-Delhi: Sage Publications.

- Browning, D. 2006. Human dignity, human complexity, and human goods. In Soulen en Woodhead (reds.) 2006.
- Brownlie, I. 1992. *Basic documents on human rights*. Oxford: Clarendon Press.
- Brueggemann, W. 1997. *Theology of the Old Testament: Testimony, dispute, advocacy*. Minneapolis: Fortress Press.
- Bunge, M.J. 2009. Children, the image of God, and Christology. Theological anthropology in solidarity with children. In Schuele en Thomas (reds.) 2009.
- Chilton, B. 2008. Jesus, the golden rule, and its application. In Neusner en Chilton (reds.) 2008.
- Chirichigno, G C. 1993. *Debt-slavery in Israel and the Ancient Near East*. Sheffield: JSOT Press.
- Chopp, R.S. 1987. Practical theology and liberation. In Mudge en Poling (reds.) 1987.
- Cilliers, S.P. 1971. *Coloured people: Education and status*. Johannesburg: Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge.
- Dannefer, D. en C. Miklowski. 2006. Developments in the life course. In Vincent, Phillipson en Downs (reds.) 2006.
- Delanty, G. 2011. Cultural diversity, democracy and the prospects of cosmopolitanism: A theory of cultural encounters. *The British Journal of Sociology*, 62(4):633–56.
- Devenish, G.E. 1998. Aspects of the right to education in the constitution. *De Jure*, 31(2):224–39.
- Forrester, D.B. 2001. *On human worth*. Londen: SCM Press.
- Gaižauskaitė, I. 2012. The use of the focus group method in social work research. *Social Work*, 11(1):19–30.
- Graziano, A.M. en M.L. Raulin. 2004. *Research methods. A process of inquiry*. Boston, New York, San Francisco, Kaapstad e.a.: Pearson.
- Green, W.S. 2008. Parsing reciprocity: Questions for the golden rule. In Neusner en Chilton (reds.) 2008.
- Grønkjær, M., T. Curtis, C. de Crespigny en C. Delmar. 2011. Analysing group interaction in focus group research: Impact on content and the role of the moderator. *Qualitative Studies*, 2(1):16–30.
- Gutiérrez, G. 1973. *A theology of liberation: History, politics and salvation*. Maryknoll, New York: Orbis Books. Londen: CTM Press.

- Habermas, J. 1996. *Between facts and norms*. Cambridge, Massachusetts: MIT Press.
- Hendricks, J. en C.A. Leedham. 1991. Dependency or empowerment? Toward a moral and political economy of aging. In Minkler en Estes (reds.) 1991.
- Hudson, R. 2012. Transforming communities in residential aged care. *Journal of Religion, Spirituality and Aging*, 24(1-2):55-7.
- James, W.G. en M. Simons (reds.). 1989. *The angry divide: Social and economic history of the Western Cape*. Kaapstad: David Philip.
- Jeffery, A. 2010. *Chasing the rainbow. South Africa's move from Mandela to Zuma*. Johannesburg: Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge.
- Jenson, R.W. 2006. Anima ecclesiastica. In Soulen en Woodhead (reds.) 2006.
- Joubert, J.D. en D. Bradshaw. 2006. Population ageing and its health challenges in South Africa. In Steyn, Fourie en Temple (reds.) 2006.
- Kalula, S.Z. 2013. Medicine in the elderly: Unique challenges and management. *Continual Medical Education*, 32(10):1.
- Kant, I. 1920. *Grundlegung zur metaphysik der sitten*. Fünfte Auflage. Leipzig: Verlag von Felix Meiner.
- Kirchhoffer, D.G. 2013. *Human dignity in contemporary ethics*. Amherst, New York: Teneo.
- Koole, J.L. 1997. *Historical commentary on the Old Testament*. Kampen: KOK Pharos Publishing House.
- Koopman, N. 2014. Inclusive dignity and land reform in South Africa. *Scriptura*, 113 (1):1-8.
- Lamb, W.W.H. en H. Thomson. 2001. Wholeness, dignity and the ageing self: A conversation between philosophy and theology. In MacKinlay, Ellor en Pickard (reds.) 2001.
- Levine, B.A. 2008. The golden rule in ancient Israelite scripture. In Neusner en Chilton (reds.) 2008.
- Lewis, G. 1987. *Between the wire and the wall. A history of South African "Coloured" politics*. Kaapstad: David Philip.
- Liebenberg, S. 2005. The value of human dignity in interpreting socio-economic rights. *South African journal of human rights*, (21):1-31.
- Litwin, H. 2005. Correlates of successful ageing: Are they universal? *International Journal of Ageing and Human Development*, 61(4):313-33.
- Louw, D.J. 1998. *A pastoral hermeneutics of care and encounter*. Kaapstad: Lux Verbi.BM

- . 2005. *Mechanics of the human soul: About maturity and life skills*. Stellenbosch: Sun Press.
- . 2012. *Network of the human soul. On identity, dignity, maturity and life skills*. Stellenbosch: Sun Press.
- MacKinlay, E., J.W. Ellor en S. Pickard (reds.). 2001. *Aging, spirituality and pastoral care: A multi-national perspective*. Londen, Oxford, New York: The Haworth Press.
- Mamphela, R. en F. Wilson. 1987. *Children in the frontline. The impact of apartheid, destabilization and warfare on children in southern and South Africa*. New York: Unicef.
- Mays, J. L. 2006. The self in the Psalms and the image of God. In Soulen en Woodhead (reds.) 2006.
- Meeks, M.D. 2006. The economy of grace: Human dignity in the market system. In Soulen en Woodhead (reds.) 2006.
- Miller-McLemore, B. J. 2004. Pastoral theology as public theology: Revolutions in the “fourth area”. In Ramsay (red.) 2004.
- Minkler, M. en C.L. Estes (reds.). 1991. *Critical perspectives on aging: The political and moral economy of growing old*. Amityville, New York: Baywood Publishing Company.
- Mitchell, B.E. 2009. *Plantations and death camps. Religion, ideology, and human dignity*. Minneapolis: Fortress Press.
- Mudge, L.S. en J.N. Poling (reds.). 1987. *Formation and reflection: The promise of practical theology*. Philadelphia: Fortress Press.
- Neusner, J. en B. Chilton (reds.). 2008. *The golden rule: The ethics of reciprocity in world religions*. New York, Londen: Continuum International Publishing Group.
- Oosthuizen, I.J. en J.P. Rossouw. 2001. Die reg op basiese onderwys in Suid-Afrika. *Koers*, 66(4):655–72.
- Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: An introduction*. Cambridge, Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Pinnock, D. 1989. Ideology and urban planning: Blueprints of a garrison city. In James en Simons (reds.) 1989.
- Ramsay, N.J. (red.). 2004. *Pastoral care and counseling, redefining the paradigms*. Nashville: Abingdon Press.
- Republiek van Suid-Afrika. 1976. *Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- . 1996. *Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*. Pretoria: Die Staatsdrukker.

- Robertson, A. 1999. Beyond apocalyptic demography: Towards a moral economy of interdependence. In Minkler en Estes (reds.) 1999.
- Ruston, R. 2004. *Human rights and the image of God*. Londen: SCM Press.
- Schuele, A. en G. Thomas (reds.). 2009. *Who is Jesus Christ for us today?* Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.
- Schwager, R. 2004. Christology. In Scott en Cavanaugh (reds.) 2004.
- Schwöbel, C. 1991. The human being as relational being: Twelve theses for a Christian anthropology. In Schwöbel en Gunton (reds.) 1991.
- . 2006. Recovering human dignity. In Soulen en Woodhead (reds.) 2006.
- . 2009. Personhood and bodily resurrection. In Schuele en Thomas (reds.) 2009.
- Schwöbel, C. en C. E. Gunton (reds.). 1991. *Persons, divine and human*. Londen, Edinburgh: T&T Clark.
- Scott, P. en W.T. Cavanaugh (reds.). 2004. *The Blackwell companion to political theology*. Malden, Oxford, Carlton, Victoria: Blackwell Publishing.
- Siddiqi, A.F. 2013. Important determinants of child labor: A case study for Lahore. *American Journal of Economics and Sociology*, 72(1):200–1.
- Skeggs, B. 2004. *Class, self, culture*. Londen, New York: Routledge.
- Smit, D. 2003. *Vernuwe! – na die beeld van ons Skepper. Wat Christene bely oor God die skepper*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Soudien, C. 2000. Social conditions, cultural and political life in working class Cape Town, 1950 to 1990. In Willemse (red.) 2000.
- Soulen, R.K. en L. Woodhead (reds.). 2006. *God and human dignity*. Cambridge, Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Steyn, K., J. Fourie en N. Temple (reds.). 2006. *Chronic disease of lifestyle in South Africa 1995–2005, South African Medical Research Council technical report*. Tygerberg: Mediese Navorsingsraad.
- Tamayo-Acosta, J.J. 2003. Dignity and liberation: A theological and political perspective. In Ammicht-Quinn, Junker-Kerry en Tamez (reds.) 2003.
- Taylor, C. 1994. *Multiculturalism: Examining the politics of recognition*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press.
- Testart, A. 2002. The extent and significance of debt slavery. *Revue française de sociologie*, 43:173–204 (*Supplement: An Annual English Selection*).

Thiele, B. 2002. The human right to adequate housing: A tool for promoting and protecting individual and community health. *American Journal of Public Health*, 92(5):712–15.

Thomas, W.H. 1976. Socio-economic development of the Coloured community. In Van der Merwe en Groenewald (reds.) 1976.

Townsend, P. 1981. The structured dependency of the elderly: A creation of social policy in the twentieth century. *Ageing and society*, 1(1):5–28.

Unicef (United Nations Children's Fund). 2004. *The state of the world's children 2005: childhood under threat*. New York: Unicef.

UWC Community Law Centre's Workshop. 2011. *Promoting the socio-economic rights of older persons. Workshop report*. Bellville: Universiteit van die Wes-Kaap.

Van der Merwe, H.W. en C.J. Groenewald (reds.). 1976. *Occupational and social change among Coloured people in South Africa. Proceedings of a workshop of the centre for intergroup studies at the University of Cape Town*. Kaapstad, Johannesburg: Juta.

Van der Vyver, J.D. 2005. Menseregte en menswaardigheid. *Koers*, 70(3):455–71.

Vincent, J. A., C. R. Phillipson en M. Downs (reds.). 2006. *The futures of old age*. Londen, Thousand Oaks, Nieu-Delhi: Sage Publications.

Vorster, J.M. 2001. 'n Christelike teorie van menseregte. *In die Skriflig*, 35(1):1–23.

—. 2008. 'n Christelike perspektief op menswaardigheid. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 49(1/2):195–205.

Webb, C. en M. Doman. 2008. Conducting focus groups: Experiences from nursing research. *Junctures*, 10:51–60.

Westaway, M.S. 2007. Does access to better housing affect personal quality of life and well-being? *South African Medical Journal*, 97(1):1–5.

Willemse, H. (red.). 2000. *More than brothers. Peter Clark and James Matthews at seventy*. Kaapstad: Kwela Books.

Ziervogel, C. 1940. *Brown South Africa*. Kaapstad: Maskew Miller.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Hierdie artikel is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. C. Thesnaar van die Departement van Praktiese Teologie en Missiologie aan die Universiteit Stellenbosch word hartlik bedank vir sy ondersteuning en motivering en die rol wat hy gespeel het in die daarstelling van hierdie artikel.



<sup>2</sup> Nadoktorale genoot in die Departement van Praktiese Teologie en Missiologie in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

<sup>3</sup> Ander terme is *bejaardes, ou mense, senior burgers*. In hierdie artikel word *ouer persone* gebruik, in ooreenstemming met nasionale en internasionale publikasies.

<sup>4</sup> Die etiket *bruin* sal beskou word as 'n sosiale kenmerk eerder as 'n natuurlike een.

<sup>5</sup> Die Redeemed African Metodiste Kerk bestaan in die Wes-Kaap en Noord-Kaap met hoofsaaklik bruin lidmate. Hierdie denominasie het sewe jaar gelede uit die African Metodiste Episkopale Kerk ontstaan.

<sup>6</sup> Die sewe besprekingsonderwerpe soos in die besprekingsgids vervat, is:

1. Wat sal julle sê het veroorsaak of het daartoe bygedra dat julle vandag van staatspensioen afhanklik is vir julle lewensonderhoud? Vertel asseblief.
2. Wat is julle ervaring van die soort behuising, en huislike geriewe wat julle as bruin pensioenarisse vandag kan bekostig? Watter invloed het dit op julle as mense?
3. Vertel hoe julle voel oor die mediese en gesondheidsdiens wat julle as bruin pensioenarisse vandag kan bekostig.
4. Vertel van julle betrokkenheid by ontspanningsaksies (soos gaan na plekke van ontspanning, byvoorbeeld na die see, deelname aan vermaaklikheid en funksies in die gemeenskap).
5. Op staatspensioendag wemel die winkels en stalletjies van aktiwiteite, en die volgende dag is alles weer stil en skynbaar normaal. Vertel asseblief hoe julle hierdie verskynsel ervaar.
6. Vertel hoe julle kerklidmaatskap julle in jul daaglikse lewe op julle staatspensioen (a) in die verlede gehelp het of nie gehelp het nie, (b) nou help of nie help nie.
7. Die Bybel noem dat alle mense na die beeld en gelykenis van God geskape is en dat alle mense waarde (dignity) het. Volgens ons land se Grondwet word die land gebou op *menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede*. Vertel of julle dink dat dit wat die Grondwet van ons land hier sê, ervaar word in julle daaglikse lewe op die staatspensioen wat julle ontvang.

<sup>7</sup> Vir iets wat 'n prys het, kan 'n teenwaarde gebied word; aan iets wat verhewe bo enige prys is, kan nie 'n teenwaarde gebied word nie. So iets het waarde. (Eie vrye vertaling)

<sup>8</sup> Hierdie verwysings is op grond van die data-indeling: die tien fokusgroepe is aangedui met die letters A–J. Die data is verkry volgens sewe besprekingsonderwerpe wat aangedui word deur die syfers 1–7, en elke bydrae tot die bespreking is aangedui met die letter D gevolg deur 'n nommer.